



## Jesus Leef en ons met Hom

### 1. Kontak met mekaar

Aankoms, verwelkoming en verversings.

#### Ysbreker

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?  
Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

*Jy loop iemand raak wat vir jou vra: "Hoe gaan dit? Leef jy of bestaan jy net?" Wat sal jy antwoord?*

### 2. Kontak met God

Neem paar oomblikke. Raak stil en rustig. Lees **Psalm 23** as 'n gebed.

Dink na oor wat die Psalm al in jou lewe beteken het?

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.  
Dit gaan oor die vraag: Hoe / waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.

### 3. Kontak met die Woord

Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees nou die week se fokusteks.  
Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

#### Gesels oor die volgende:

- ✦ Wat weet ons van Tabita en wat kan ons by haar leer? Watter verskil sal dit maak as ons haar voorbeeld ernstig begin navolg?
- ✦ Wat was die doel met Tabita se opwekking? Het dit gegaan oor Petrus, die wonderwerk of dalk iets meer?
- ✦ Gesels oor Petrus en wat hy alles doen in hierdie verhaal. Wat leer ons uit sy voorbeeld?
- ✦ Die krag van God word dikwels geassosieer met wonderwerke. Op watter ander maniere word die krag van God sigbaar?
- ✦ Tabita was waarskynlik 'n welgestelde vrou, maar het betekenis gevind in diensbaarheid. In die lig hiervan - hoe sal jy hierdie vraag antwoord: "*What will it take for me to make a good life, and not merely a good living?*"
- ✦ Joppe was 'n berugte en rowwe plek. Tog was dit die plek waar Tabita 'n verskil gemaak het. Waar is julle Joppe? Hoe kan julle daar 'n verskil maak?

**4. Bedien mekaar:** Dank God vir die opstanding en die hoop wat dit gee. Vra dat Hy julle sal help om 'n opstandingslewe te lei.

Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.  
Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.  
Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?  
Dank God vir Sy seën in jou lewe.

#### Pitkos:

Die boek Handelinge beskryf op indrukwekkende wyse die stelselmatige ontvouing van God se plan. God se plan het die verlossing van mense van regoor die bewoonde wêreld in die oog. Dit wil sê, vanaf Jerusalem tot in Rome en dien as die vervulling Christus se belofte in Handelinge 1: 8. In God se heilsplan speel die persoon en werk van die Here Jesus Christus 'n prominente rol as die Bewerker van die heil vir die mensdom en die Heilige Gees is die Waarmaker van die verlossing wat Christus bewerk het in hierdie verhaal. God bepaal die verloop van hierdie heilsplan in die geskiedenis. God het volgens Lukas lankal reeds by monde van die profete in die Ou Testament (3: 18) sy plan van verlossing van die wêreld bekend gemaak. In die toesprake van o.a. Petrus en Paulus word daar herhaaldelik daarna verwys. God het vooraf bepaal dat Jesus aan die Jode oorgelewer sou word, dat hulle Hom sou doodmaak en dat Hy Jesus uit die dood sou opwek.

**Nabetragting** (Aanvullende vrae indien julle groep nog tyd het na die bespreking)

Noem die hoofgedagtes van die preek? Wat het julle opgeval?  
Was daar enige oomblikke waar God iets vir jou verhelder het of waarmee jy uitgedaag of ontwrig is?  
Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?